**Vrydag 1 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 1:10-13; 10:37-42; Johannes 20:30, 31**
**Fokusgedeelte: Johannes 10:42; 20:30, 31**
**Die Here Jesus is die Wonder!**

Desembermaand. Christusfeesmaand – alles draai om God se Seun wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Dít alleen is alreeds ’n wonder! “Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk te word …” (Fil. 2:6, 7). Kersfeesmaand se dagstukkies bekyk talle wonders wat rondom en deur Jesus plaasgevind het.

’n Wonder is iets wat plaasvind bo menslike of natuurkragte heen. Dit kom van ’n genadige en barmhartige God wat die Blye Boodskap van verlossing in sy Seun in uitverkore mense se harte wil kom bevestig. In Johannes 1:10-13 is daar drie soorte mense na wie Jesus gekom het: wêreldse mense, naam-vromes en uitverkorenes. Uitverkorenes is daardie mense aan wie God die gawe van die geloof gee. Deur “kragtige dade” (volgens Matteus, Markus en Lukas) en “tekens” (volgens Johannes) bring en versterk Hy die geloof.

Vergelyk Johannes 20:30, 31: “Daar is nóg baie ander tekens ...” – wonderwerke, getuienisse en openbaringsgebeure – wat Jesus gedoen/gesê het. Die doel daarvan is om uitverkorenes tot geloof te bring of om die geloof te versterk dat Jesus werklik die Messias/Christus/Gesalfde en Seun van God is. Wie in Hóm glo, hét die ewige lewe ontvang!

Volgens prof. T van der Walt *(“Die Messias het gekom”)* het elke wonder vier betekenisse:

- Christus se goddelike almag. Christus is meer as net nóg ’n mens. Hy het twee nature – waaragtig God én mens! En dáárom kan hy wonders doen.
- Christus se liefde en barmhartigheid. Hy wil help. Hy “leen God se toegeneë oor” aan sondaarmense (Ps. 84:4 Totiusberyming).
- Christus roep tot die dood toe siek mense uit die graf uit terug en gee ons die ewige lewe! (vergelyk die opstanding van Lasarus en Jesus Self).
- In elke wonderteken of “kragtige daad” is daar iets profeties. Dit wys heen na die nuwe hemel en aarde wat met Christus se wederkoms ’n werklikheid gaan word.

Die wonders wys heen na die Krag agter die kragte en na die Een na Wie die tekens wys.

*Sing: Psalm 75-1:1, 4*

*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*